

# Vele gesigte, **EEN WOESTYN**

**WAT IS DIT AAN 'N WOESTYN WAT 'N MENS TREK? CHRIS VAN DER MERWE WONDER AL LANK OOR DIÉ VRAAG. DALK DIE EENVOUD, DIE NIKS RONDOM JOU ... OF DIE ALGEHELE STILTE. OF DALK DIE BESEF DAT JY AS MENS EINTLIK MAAR KLEIN STAAN?**

**FOTO'S:** CHRIS VAN DER MERWE (TENSY ANDERS VERMELD)




**Hou vas!** Die glykant van 'n massiewe duin. As jy teen so 'n hoë duin afry, rem jy nie maar gebruik die enjin se kompressie en die sand se weerstand om jou spoed te beheer.



**Groen woestyn.** Goeie laatreëns laat die ooste van die Namib soos 'n paradys lyk. Dié deel van die Namib-Naukluft Nasionale Park is nie toeganklik vir die publiek nie.

Ons is 'n groep van agt voertuie wat die Faces of the Namib-toer saam met Uri Adventures gaan pak. 'n Week voor ons vertrek, duik die gewone kwota drama op. My vriend Sats Oosthuizen laat weet dat sy pa weens gesondheidsprobleme nie meer kan saamgaan nie. Nou is hy alleen. Ek sou weer saam met my vriend Naas Badenhorst gery het, maar ongelukkig brand hy vas op sy plaas.

Dit word gou duidelik dat ek en Sats toergenote gaan wees. Die enigste haakplek is dat ek en Sats mekaar nog nooit ontmoet het nie. Ons weet darem van mekaar op die internet, want ons is albei lid van die *WegRy*-Kampvuurforum. Maar dis dít. Boonop het ek my bedenkinge oor hom, want hoe toer jy saam met iemand wat na sy vrou verwys as die Krokodil? Ek kon dus nog nooit bladgeskud of gevis het of die Krokodil régtig 'n ondier is nie.

Ons besluit oor die foon dat mak skape tog sonder te veel komplikasies saam in 'n kraal kan pas en so skud ek en Sats die eerste keer blad toe ek met my bondeltjie kampgoed voor sy huis in Krugersdorp stilhou. Ons vat sy nuwe FJ Cruiser op 'n nooiensvaart.

Die volgende paar dae leer ons meer van mekaar ken op die langpad Solitaire toe. Ek kom agter die Krokodil is glad nie 'n ondier nie en dat Krugersdorp ook sy kwota goeie mense het.

Ons is opgewonde oor die toer en die ander mense wat saamgaan. Die groep kom van oral oor die land – Limpopo, Gauteng en ook die Wes-Kaap.

Ons reis verloop vlot, buiten 'n komiese voorval toe ons op pad na Solitaire sommer een nag naby Aus onder die sterrehemel geslaap het. Halfvyf die oggend kom ek agter 'n woestynperd knibbel aan my tone. Ek skrik my boeglam en vlieg op, die perd skrik hom boeglam en met die omspringslag skop hy my en al my beddegoed vol sand. Op daardie oomblik het ek nie gedink dis snaaks nie, maar kon darem later oor die petalje lag.

Die bymekaarkomplek van die toer is die Solitaire Guest Farm. Hier kry almal die Uri-gids, Simon Wearne, en sy medewerkers, Johnny Shikongo en Johnny Shuvute, voor ons die woestyn binneval.

Dié dag staan as Dag 1 van die toer bekend. Hier kuier almal saam om 'n vuur, gesels oor dit wat voorlê en bekommer hulle vir oulaas oor 'n paar onbenullighede.

## Dag 2:
### Solitaire na die Kuisebskeurvallei

Vroegoggend word elke voertuig voorsien van 'n tweerigtingradio omdat kommunikasie in die duine van die grootste belang is as jy 'n konvooi veilig daardeur wil kry. Almal maak ook goed seker dat hulle rygoed tot barstens toe volgemaak word op Solitaire, want hiervandaan is dit 550 km deur die woestyn tot op Walvisbaai. Die konvooi kies koers in 'n noordwestelike rigting vir sowat 30 km op die grondpad na Walvisbaai.

Hier sluit Simon 'n plaashek oop en ons draai van die grootpad af. Naby Saagberg betree ons die Namib-Naukluft Nasionale Park. Dié deel van die park is net vir konsessiehouers toeganklik.

Simon hou stil en verduidelik die konvooiprosedures, asook die moets en moenies van veilige duinry. Die bande word afgeblaas tot onder 1 bar en die eerste deel van die roete steek ons die Namibvlakte oor en volg min of meer die ou ossewaroete van transportryers van die laat 1800's.

Ná goeie laatreëns lyk dié deel van die Namib soos 'n oase. Waar daar gewoonlik net sandvlaktes is, staan heuphoogte groen

gras met groot troppe spekvet gemsbokke.

Aan die westekant van die Namib-vlakte steek ons die eerste duine oor. Die donkerrooi duine is nie baie hoog nie en ideaal om vir die bestuurder selfvertroue te gee en gemaklik te raak met sy ryding in die sand.

Ons ry verby die uitgebrande wrak van 'n Prado – 'n kille herinnering daaraan dat gras in die omgewing so erg by 'n ryding se uitlaatstelsel kan saampak dat dit skielik aan die brand kan slaan. Jy moet gereeld stilhou, onder die voertuig kyk en die gras skoonmaak indien nodig.

Nie ver hiervandaan nie stop ons vir middagete. Middagetes op die toer is vrek lekker: Daar is 'n verskeidenheid broodjies, smere en 'n gawe verskeidenheid Duitse kouevleis. Só bou jy jou eie bielie van 'n Namib-toebroodjie wat die meeste ander bra maer sal laat lyk.

Ons kom uiteindelik by die Kuiseb-rivier en hou stil by 'n uitkykpunt waar jy die rivier en woestyn behoorlik kan bewonder. Die toneel is besonders… Suid van die Kuiseb is dit een woestynmassa so ver as wat die oog kan sien. Wes sny die Kuisebrivier, met groen anabome op elke oewer, as't ware 'n pad deur die woestyn. Noord van die Kuiseb is daar weer donker rotsformasies wat 'n klipwoestyn vorm. Hier is geen sand nie; dis asof die Kuiseb die sand eenvoudig afkeer.

Van hier af beweeg die konvooi parallel aan die Kuiseb. Die windjie begin sterk waai en ons wonder waar ons 'n goeie, beskutte kampplek gaan kry. Teen vyfuur laat weet Simon oor die radio dat ons teen die rivier gaan kamp opslaan. Omdat die rivier 'n skeurvallei vorm, is dit effens meer beskut teen die wind.

Dis ons eerste aand in die Namib en almal slaan kamp op. Vir my en Sats vat dit sowat twee minute om onsself in te rig. Met die windjie wat fris roer, is die kans dat dit gaan dou bitter skraal en ons besluit om nie vanaand tent op te slaan nie. Ons rol eenvoudig 'n grondseiltjie uit. Ek trek my kampmatras nader en pluk die slaapsak uit. Sats vou sy kampbed oop en *voilà*, ons "Million Star Hotel" staan.

Wat dié toer so gerieflik maak, is dat jy geen kos hoef saam te ry nie. Uri voorsien drie etes per dag en die manne mag maar kosmaak. Sodra jy aan die einde van die dag nes geskop het, pluk jy eenvoudig jou kampeerstoel nader, vat 'n koue ietsie uit jou yskas en begin klets saam met die toergroep om die vuurtjie. Om verder beskerming teen die woestynwind te bied, het die spanlede 'n dik skadunet tussen die twee gidsvoertuie opgeslaan. >






**Kamp sonder tierlantyntjies.** Die aande waarop wind die dou verjaag, kan jy onder die sterrehemel slaap sonder tent. As die ander voertuie aanskakel om te ry, hoef jy omtrent eers op te pak.



**Tyd vir uitspan.** Die groep sit aan vir hul eerste middagete in die woestyn. Dis nou nog voel-voel en die duine is nog klein. Almal raak gaandeweg vertroud met duinrytegnieke.



**Daar's water!** Die Kuisebskeurvallei met steil rotswande, waardeur die gelyknamige rivier vloei. Dié rivier het hoogstens twee maande per jaar water, gewoonlik in Februarie en Maart, en dis 'n besonderse gesig.




**Sandkuns.** Die oostelike duine is nie baie hoog nie en vorm 'n goeie leerskool vir onervare toerlede. Die laatmiddagson bring die ware kleure en skaduwees van die rooi sand tot hulle reg.



**Vyfsterontbyt.** Dis tyd vir die belangrikste ete van die dag in die duine. Etes wat die toermaatskappy voorsit, bestaan beslis nie net uit pap en braaivleis nie.

## Dag 3:
### Dieper die Namib in

Die Faces of the Namib-toer het sy naam gekry omdat 'n mens die verskillende gesigte van die Namib mooi ervaar terwyl jy van oos na wes reis. Gaandeweg maak die woestynvlakte met sy gras en feetjiesirkels plek vir meer sand – en groter duine.

Die Namibiërs noem dit die "sandsee" – lang, reguit duine wat parallel aan die Namibiese kuslyn loop met ruimtes tussenin wat "strate" genoem word. Omdat die duine van suid na noord lê en ons van oos na wes beweeg, word dit 'n lekker uitdaging om elke duin oor te steek. Dit is droomwêreld vir enige 4x4-entoesias.

Mens en masjien moet baie mooi saamwerk om elke duinoorsteek glad te laat verloop. Soms maak die bestuurder 'n fout, dan is dit maar weer stadig terugstoot duin-af en weer probeer. Gelukkig het die gidse oorgenoeg ondervinding – en geduld. Simon se kalm stem oor die radio gee altyd die regte raad en selfs die grootste groentjies lyk op dag drie na ou hande in die sand.

Ons hou gereeld stil, soms vir 'n praatjie oor die omgewing, soms vir bene rek, ander kere omdat 'n toerlid iewers teen 'n duin drooggemaak het en die gidse hom moet uithelp. Dis alles deel van die pret.

Terwyl die duine in die laatmiddagson begin verkleur, sluk die Namib ons al dieper in. Die skaduwees wat begin vorm saam met die sagte lig laat elke duin anders lyk. Dis asof elke duin sy eie skoonheid en kleure voor jou kom neerlê.

En hier, tussen êrens en nêrens, kom die konvooi vir oulaas vandag tot stilstand. Hier is niks buiten natuurskoon nie, en omdat die windjie weer roer, slaan ons weer nie tent op nie.

Almal raak nou gewoond aan die kamproetine en weet presies hoe werk wat. Die Uri-gidse slaan die toilet- en storttent daar doer eenkant op. Die stortkop word dan aan 'n motorbattery gekoppel en as jy dapper is, kan jy vinnig koud stort – of jy kan die blou jerrykanne eers bietjie teen die vuur verhit.

Simon maak heerlike bief stroganoff – net soos die Suidwesters kan. Daar is oorgenoeg room, sampioene en repiesvleis. Ons kuier en klets tot laatnag om die vuur.

## Dag 4:
### Wes na Olifantsbad

Omdat ek en Sats spartaans kamp, is ons binne twee minute reisvaardig. Ons het dus oorgenoeg tyd om foto's te neem ter-

wyl die ander toerlede nog aan die skrop en krap is. Hier is foto's neem eintlik baie maklik, want tussen die duine kan jy letterlik met die kamera in enige rigting aanlê en knoppies druk, want jy's amper gewaarborg van 'n mooi foto.

Halftien is almal klaar en ons val in die pad – of eerder, in die sand. Elke oggend sal die pittige Simon vertel dat vandag presies dieselfde as gister gaan wees – "maar net 'n bietjie anders".

Die rigting bly wes en ons beweeg ál nader aan die see. Die duine verander ook – die lang, reguit duine maak plek vir "deurmekaar" duine. Hier is geen lyne, duinstrate of enige orde nie. Elke duin lê soos hy wil en laat hom anders waai deur die wind as die duin langsaan. Die sand hier is ligter as die rooi duine aan die begin van die roete.

En hier is die duine reusagtig. As ons hulle op dag een moes raakloop, sou minstens die helfte van die groep summier omgedraai het. Gelukkig het ons die afgelope drie dae baie van sandry geleer en is in bekwame hande.

Bestuur verg nou baie konsentrasie en jy moet die duine met die nodige respek hanteer. Gelukkig is almal geduldig met mekaar en as iemand vasval of 'n fout maak, help die gidse flink en die groep juig lekker wanneer iemand uit die pekel gehelp word.

Die woestyn vang die beste van die bestes ook uit, daarom weet jy maar alte goed om nie te wintie te wees nie. Netnou is dit jou beurt, want die Namib het 'n manier om seker te maak dat elke bestuurder en voertuig sy beurt kry om nederig te bly.

Kort hierna kom ons by die see uit. Dié stuk kuslyn langs die Atlantiese Oseaan is besonders. Aan die een kant lê een groot massa water; aan die ander kant 'n massa sand.

Vanaand kamp ons by Olifantsbad. Dis 'n halfpermanente kamp wat Uri sowat 6 km van die see af in die woestyn opgerig het. Dis ons basis vir die laaste twee nagte in die woestyn. Die plan is om die volgende dag met die ligte voertuie 'n sirkelroete te ry en by die spookdorpies uit die diamantera in te loer.

Vir die eerste keer moet ek tent opslaan. Ons is naby die see en dit dou erg in die nag. Ek gaan die sterre mis, maar vir natslaap is 'n mens ook nie lus nie.

### Dag 5:
**Sirkelroete – Holsazia, Charlottendal en Conception Water**

Vandag gaan ons dorp toe – en gewoonlik hou ek nie daarvan nie. Dit kos altyd geld en daar is baie mense en winkels. Maar



**Duinebesie.** Hierdie Land Cruiser 200 van Rieger van Rooyen speel maklik klaar met die sandsee as jy die regte knoppies druk. Moet net nie dink hy kan glad nie vassit nie ...



FOTO PIET VAN HEERDE

**Eenskoen-Simon.** Simon Wearne, die hoofgids op dié toer. Sy kennis van die Namib is wyd en hy is 'n sandrymeester wat sorg dat alles glad verloop.



**Tot hier toe.** Op die Faces of the Namib-toer kom see en woestyn by die Sandvishawe bymekaar. Onder teen die duine wei honderde flaminke.

vandag pla dit my nie, want die spookdorp is sonder OTM's en winkels.

Die mense saam op toer pla ook glad nie, want teen dié tyd is ons eintlik al een groot, hegte gesin. Dit is maar een van die dinge wat die Namib aan jou doen. Jy vergeet van jouself en jy geniet die mense om jou.

Name is teen die tyd al lankal aangepas. Dis nou sommer "Knoppies van Rooyen", want Rieger kan nie ophou om die Cruiser 200 VX se knoppe in die kajuit te druk nie en elke dag ontdek hy 'n vars knoppie.

"Jean Takbok" het iewers op pad Solitaire toe 'n halwe boom op sy dakrak gelaai en die gedoente lyk kompleet soos 'n takbok. Anton "Plattes" is nie die langste mens op aarde nie. Dan was daar te veel manne met die naam Piet. Hulle word toe sommer "Piet Brannas", "Piet Baard" en "Piet Gids" gedoop.


Voertuie is ook nie gespaar nie. Die vlugvoetige Prado het die "Silwer Valkie" geword en die naam van Sats se FJ is verander na FY. (Die "F" vir "niks" en die "Y" omdat ons ys al op Dag 3 opgeraak het.)

Vroegoggend vertrek ons met die sirkelroete. Ons is nie lank op pad nie toe Simon by 'n speelgat stop. Dis 'n reusagtige holte tussen die duine met steil, egalige kante van sowat 200 m hoog wat vir 'n regte *roller coaster*-effek sorg. Simon ry dit eerste om seker te maak die hele "gat" is mooi rond. Jy wil nie 'n knikkie of hobbel vinnig tref nie en spoed en momentum is hier van die uiterste belang.

Jy bestorm die afdraande met mag en mening, en teen die tyd dat jy onder kom, loop jou voertuig naby snelwegspoed. Teen dié spoed en met die ronding van die bodem gebeur 'n paar goed met jou liggaam wat meer bekend is onder vlieëniers. G-kragte veroorsaak dat jou nek tussen jou longe wil inklim en jou wange soos die van 'n Franse dashond begin hang. Haal jy jou voet van die versneller af, is dit verby, want jy gaan nie oor die oorkantste duinkruin kom nie.

Hoewel die oefening gevaarlik klink, is dit glad nie. (Dis eintlik dieselfde as om >





**Muur van sand.** Die Namib laat jou nie net klein voel nie, hy laat jou sommer ook klein lyk.





**Sandbegraafplaas I** (bo). Die Eduard Bohlen het in 1909 gestrand. Die gedurig veranderende seestrome het die strand al so verander dat die wrak sowat 500 m van die water af lê.

**Sandbegraafplaas II** (regs). Van die eertydse myndorpies is weinig oor. Hier en daar sien jy net die verweerde geraamtes van A-raamhuisies waarin werkers gebly het.

***Take two*** (onder). As jy nie met die eerste probeerslag teen 'n duin uitkom nie, moet jy versigtig terugstoot en weer probeer. Gelukkig het die gidse eindelose geduld.



110 km/h op die snelweg te ry…) Dis net die sensasie van toename in swaartekrag wat dit vreemd laat voel. Dis ook hoegenaamd nie verpligtend nie; niemand gee om as jy eerder dinge van die kantlyn af wil dophou nie.

Hierna besoek ons die noordelike spookdorpies van die diamantvelde uit vervloë tye. Die dorpies tussen Meob- en Conceptionbaai het hulle ontstaan gehad toe die diamantbedryf vroeg in die 1900's op sy kruin was. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is die dorpies ontruim en alle mynaktiwiteite is gestaak.

Vandag is die dorpies maar 'n geraamte van dit wat was, maar jy kry steeds 'n goeie aanduiding van hoe die lewe destyds hier was. Eintlik kan jy net kopkrap oor die logistieke uitdaging wat die mense te bowe moes kom om in dié ongenaakbare wêreld te kon werk en leef. Geen vorm van motoraangedrewe vervoer was beskikbaar nie en alle boumateriaal, voorraad en myntoerusting moes per skip na Meob- en Conceptionbaai vervoer word.

Water was daar ook nie en 'n 80 km-pyplyn moes van Conception Water na die myndorpies aangelê word. Verskeie skepe het ook deur die jare aan die kus gestrand. Die bekendste is waarskynlik die Eduard Bohlen, wat in 1909 naby Conceptionbaai gestrand het.

Ons ry lang ente langs die strand af en kom gereeld robkolonies en rooijakkalse teë wat teen die kuslyn op en af aas.

Op pad terug kamp toe mik ons binnelands noordoos terug kamp toe. Dis ons laaste aand in die woestyn en dis 'n lieflike windstil aand. Vanaand is dit ook "hofsitting". Geen van die foutjies en glipsies wat die toerlede gemaak het, het ongesiens verbygegaan nie. Iewers het iemand aantekeninge in 'n swart boekie gemaak…

Aanklagte was daar baie. Só is iemand wat per ongeluk sy koeldrankblikke verloor het, aangekla van "rommelstrooi", 'n ander getroude paartjie is ná 'n huishoudelike voorvalletjie aangekla van "ligte kampspanning". 'n Ander lid is tydens uitspraak berispe omdat hy tydens kruisverhoor uiters spaarsamig met die waarheid omgegaan het. Nog een het met sy nagtelike gesnork "met die klankgrens gepeuter".

Dit kwetter en lag tot laataand om die vuur terwyl die Namib vir oulaas sy sterreprag deel op 'n windlose, wolklose nag.

### Dag 6:
**Olifantsbad na Walvisbaai**

Ons word wakker met die reuk van spek en eiers in die woestyn. Ná ontbyt pak



**Tydsberekening.** Aan die einde van Langewand, naby die einde van die roete. Plek-plek moet jy tussen die rotse op die strand vleg, maar die gids sal jou lei.

almal op en die konvooi vertrek in 'n noordwestelike rigting totdat ons weer die kus bereik.

Hoewel dit ons laaste dag is, is dit steeds 'n voldag wat voorlê met oorgenoeg tyd en geleentheid om duinery en speelgate te geniet.

Van die manne beloer die brandstofnaalde en begin somme maak of hulle Walvisbaai gaan haal. Die Namib maak 'n voertuig dórs: Hier in die sand haal petrolvoertuie nie eens 4 km/liter nie en die diesels is ook nie veel beter nie. Van die groot petrolenjins kry selfs net 2,5 tot 3 km/liter ...

Dan bereik ons Langewand. Dis 'n stuk kuslyn wat mens herinner aan die berugte Doodsakker in Angola. Daar is see aan die een kant, 'n smal strokie strand, en weer groot duine aan die ander kant. Hierdie is letterlik 'n gang tussen see en sand wat net tydens laagwater gery kan word. Ons tydsberekening is egter vanoggend in die kol en daar is geen probleem om dié deel te ry nie.

Sowat 4 km voor Walvisbaai gee Piet Baard se Cruiser net een sluk en gaan staan: dolleeg. Ons sleep hom sommer vulstasie toe.

Van die ander manne maak dit net.

Die groep eet vanaand uit en ons bly in chalets. Ons is terug in die beskawing, warm storte, spoeltoilette en beddens met lakens.

Wat is dit aan 'n woestyn wat mens so trek? Die Namib se "niks" is skielik nie niks nie en die "stilte" is nie stil nie. Want hier herontdek jy jouself weer 'n bietjie, hoor jy jouself 'n bietjie beter, en waardeer jy dinge weer 'n bietjie meer.

Jy sal altyd wil terugkom, jy sal altyd weer 'n plekkie in die "Million Star Hotel" wil bespreek.

## EK WIL OOK GAAN!

**Voertuig:** Jy het 'n 4x4 met laestrek nodig, maar nie noodwendig 'n Dakar Hilux nie. Sterk petrolmasjiene is beslis meer pret, maar moenie tuis bly net omdat jy 'n dieseldonkie ry nie. Hulle bring jou ook deur die woestyn. Laeprofielbande is nie wenslik nie, die aangewese banddruk is 0,8 bar en jy gaan sukkel met sand tussen die wiel en die velling.

**Moenie te veel saamvat nie.** Pak lig, los die honnehok en die posbus by die huis; gewig is 'n voertuig se doodsteek in sand. Herwinningspunte voor en agter aan die voertuig is noodsaaklik. Jy moet genoeg brandstof hê sodat jy 550 km ver deur dik sand kan ry.

**Kos:** Uri voorsien drie etes per dag. Jy pak letterlik jou drinkgoed en eetgerei. As Pappa geneig is om baie te peusel deur die dag, laai maar sy pakkie biltong en droëwors in.

**Geriewe:** Dis 'n selfsorgtoer (buiten die kos wat Uri voorsien). Wat jy in die woestyn invat, vat jy uit, en jy ry jou eie vullissak saam.

Uri sorg dat daar elke aand 'n storttent is met 'n battery-aangedrewe stortkop. Elke lid is verantwoordelik vir sy eie water en dit word by die vuur verhit.

'n Chemiese toilet word saamgery wat in 'n gemaklike 9 m²-tent gehuisves word. Die stort en toilet word heel eerste opgeslaan en soggens weer heel laaste afgebreek en versien.

**Kommunikasie:** Elke voertuig word voorsien van 'n tweerigtingradio. Op elke toer word 'n satellietfoon saamgeneem om in 'n noodgeval kontak met die buitewêreld te maak.

**Hout en water:** Elke voertuig moet twee groot sakke hout saamry vir kook- en kombuisdoeleindes asook 60 liter water. Minstens 20 liter hiervan is vir kosmaak en die res vir stort-en-skrop.

**Kontakbesonderhede:** As jy wil bespreek, kontak Live the Journey by ✆ 021 912 1400; info@livethejourney.co.za of besoek www.uriadventures.com